Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Zeenat Salie**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Zeenat.Salie@westerncape.gov.za | 021 467 2092

Lêerno.: 3/3/1/1/1
Verwysing: 20230317-2663

Strategiese Mensbestuursminuut: 0006/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoof onderwyskundiges, Staatsdienspersoneel en Opvoeders

**Onderwerp: Verspreiding van die Mensbestuurspraktykstelsel (PMPS) se aansoekvorm**

1. Die PMPS-aansoekvorm is ingevolge die bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), gewysig en bygewerk om gebruikers oor die gebruik van hul persoonlike inligting in kennis te stel.

2. Die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde is verantwoordelik vir die registrasie van betaalmeesters.

3. Die aansoekvorm maak ook voorsiening vir die registrasie van betaalmeesters. Die kontakbesonderhede van die eenheid wat verantwoordelik is vir die registrasie van nuwe betaalmeesters of die bywerking van nuwe betaalmeesters se besonderhede, kan ook op die vorm ingevul word. Enige navrae wat verband hou met betaalmeesters, salarisse en salarisstrokies, kan gerig word aan WCED.Payslips@westerncape.gov.za.

4. Alle aansoeke moet volledig voltooi en per e-pos aan die PMPS-hulptoonbank by PMPS.PMPS@westerncape.gov.za gestuur word. Aansoekvorms wat nie onderteken is nie, asook onvolledige aansoeke sal nie aanvaar word nie.

5. Die aansoekvorm kan ook van die PMPS se aanmeldingskerm afgelaai word.

6. Personeel by Hoofkantoor, distrikskantore en skole word versoek om die nuwe aansoekvorm vanaf 01 April 2023 te gebruik.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

**GETEKEN**: LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-04-04